Bybel vir Kinders
bied aan

Esegiël: Man van Visioene



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Lazarus; Alastair Paterson

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Lank gelede het magtige leërs Juda aangeval en baie van God se mense as gevangenes na Babilonië toe geneem.

Ver van die huis af het hierdie Jode langs die Kebarrivier gewoon.

Tussen hulle was God se dienaar,
die profeet Esegiël.

Eendag het God vir Esegiël 'n visioen laat sien. God se heerlikheid het as 'n helder lig, in die vorm van vier lewende wesens, verskyn.

Elkeen het vier gesigte
en vier vlerke gehad. Bokant
hulle was 'n pragtige troon
van saffier, gevul met lig
soos glansende
reënboë.

Toe Esegiël dit alles
sien, het hy met sy gesig
tot teen die grond gebuig.

God het met Esegiël gepraat. "Ek stuur jou na die Israeliete toe. Dra my woorde aan hulle oor, want hulle is opstandig."

Toe verskyn daar 'n hand met 'n boekrol in. "Eet hierdie boekrol," het God gesê, "en gaan praat met die huis van Israel."

Wat
'n vreemde opdrag!

Maar Esegiël het gehoorsaam, die boekrol geëet en gegaan.



God se Gees
het Esegiël
opgetel en
weggevoer
na die Joodse
gevangenes
wat op 'n ander
plek by die
Kebarrivier
gebly het.

Vir sewe dae het hy by hulle gesit, verstom oor wat hy gesien het.

Toe het God Esegiël as wag aangestel.
Hy moes die goddelose mense waarsku om nie aan God ongehoorsaam te wees nie.



Esegiël het baie snaakse dinge gedoen om God se boodskap duidelik te maak vir mense.



Hy het 'n prentjie van Jerusalem op 'n kleiteël uitgekrap. Miskien het mense oor sy skouer gekyk terwyl hy 'n prentjie van 'n magtige leër rondom Jerusalem geteken het.



Hy wou wys dat God se heilige stad binnekort verwoes sou word.

Israel, die noordelike koninkryk, was vir 390 jaar ongehoorsaam aan God, en Juda, die suidelike koninkryk, vir 40 jaar.

Dis hoekom Israel vernietig is en hoekom Juda binnekort sou val.

God het Esegiël aangesê om 390 dae lank op sy linkersy te lê, en dan 40 dae lank op sy regtersy, om sy mense aan hulle jare van sonde te herinner.



Miskien het die mense begin dink Esegiël is 'n baie eienaardige man. Hy het alles gedoen wat die Here vir hom gesê het om te doen.





Eendag het hy al sy hare afgeskeer en ‘n derde daarvan verbrand.



Dit was om te wys dat 'n derde van die mense in Jerusalem sou sterf van siekte en honger wanneer die Babiloniese leër die stad aanval.



Esegiël het nog 'n derde van sy hare gevat en dit fyngekap met 'n swaard. Dit was om te wys dat 'n derde van die mense deur die vyand se



swaarde sou sterf.

Die laaste derde het Esegiël
in die wind verstrooi.



Maar hy het 'n paar hare in die soom van sy klere vasgewerk as teken dat God sommige van sy mense sou beskerm en na die beloofde land



toe sou terugvat.

Hierdie dapper profeet
het die Joodse ballinge
vertel dat dinge
slegter sou gaan,
nie beter soos
hulle gehoop
het nie.

Die mense het kwaad geword vir Esegiël, maar hy het aangehou om God se Woord te verkondig. Eendag toe hy by die leiers van Israel gesit het, het God vir Esegiël 'n visioen laat sien.

In die visioen het God hom aan sy hare opgetel en hom na die tempel toe in Jerusalem gevat.

In die tempel het God vir Esegiël
allerhande kruipende goed
en onrein diere en









afgodsbeelde gewys.

Hierdie goed moes nooit in God se tempel gewees het nie.



Die leiers het hierdie goed aanbid in plaas van vir God.



God het ook vir Esegiël gewys dat sy heerlikheid die tempel sou verlaat en dat dit vernietig sou word.



Toe die visioen verby was, het Esegiël die Jode daarvan vertel.





Alles wat God gesê het, het gebeur. Jerusalem is verwoes. Baie mense het omgekom.



Toe die Joodse ballinge in Babilonië daarvan gehoor het, het hulle gewonder of God sy mense vir altyd afgeskryf het.

Maar God het nóg 'n boodskap aan sy profeet gegee.

Hy het Esegiël na 'n laagte vol droë bene geneem – menslike bene.

“Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?” het God vir Esegiël gevra. “Nee, dit weet net U, Here my God,” het Esegiël geantwoord. Droë bene kan mos nie weer lewe nie.

Die Here het gesê: “Preek vir hierdie bene en sê: ‘Hoor die Woord van die Here, droë bene! Julle sal weer lewe.’”



Toe Esegiël dit gedoen het, het hy 'n gedreun gehoor. Wat dink jy het hierdie geraas veroorsaak?



Terwyl die profeet dit in verwondering dopgehou het, ...



… het geraamtes been vir been bymekaargekom.



Toe kom daar vleis aan die geraamtes.



En toe kom daar vel bo-oor, maar daar was nog nie gees in hulle nie.



Toe sê die Here: "Mens, preek en sê:
'Kom uit die vier windstreke, gees, blaas
in hierdie dooies in dat hulle kan lewe.'"

Toe Esegiël dit gedoen het,
het daar gees in hulle gekom.

Hulle het gelewe en regop gaan staan. 'n Groot menigte het die laagte volgestaan. God het geweet dat die Jode in Babilonië hoop verloor het toe Jerusalem geval het.



Hy het 'n boodskap deur Esegiël se visioen gestuur. "Hierdie bene is die huis van Israel," het God gesê. "Ek sal my Gees in julle laat kom en Ek sal julle weer

in julle land laat woon."

Wat 'n wonderlike boodskap van hoop van God af!



God se beloftes deur Esegiël het waar geword toe die Jode later na hulle eie land toe teruggekeer het.



Hulle het besef dat die Here God hulle huistoe gebring het. God se Woord word altyd waar.



Esegiël: Man van Visioene

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Esegiël

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!
Johannes 3:16